COMMUNITY MARKET

Food | Books | Clothing | Stalls

7 OCTOBER 2022

NG RONDEBOSCH

2 Derry Road, Rondebosch

Contact: 021 686 4315

E-mail: ngkrbos@mweb.co.za

16:00 - 19:30

Card Payments and SnapScan Welcome

Some Halaal meals available!

Gedruk deur: NG Rondebosch

BULLETIN

18 September 2022

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to the community with joy and with open doors.

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za
Besoek ons by: www.ngrondebosch.com
ABSA Claremont, Rek 2870141125 Tak 632005 Swift Code: ABSAZAJJ

SnapScan

Snap here to pay

PROGRAM VIR VANDAG

InVia Kaapstad

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word nie vanoggend regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai nie. Die opname van die boodskap sal wel om 10:00 op ons Facebookblad beskikbaar wees.

Hallo almal

Mag ek op die voorlblad skryf....? Natuurlik mag ek! Ek maak dan elke week hierdie blaadjie.

Dr Johan skryf elke week volledig wat besig is om te gebeur, wat voorlê en waaraan ons kan werk, maar ek wonder of ons altyd alles ter harte neem? Ek wonder baie maal of ons gemeente ooit ons inligtingsblaadjies lees?

Soos dr Johan reeds genoem het, is ons gemeente aan die kleiner word, maar ons het nog 'n gemeente. Ek wil elkeen van ons wat nog hier is, aanmoedig om tog mense saam te nooi kerk toe. Daar is so baie mense wat vandag "kerkloos" is. Hulle hoef nie NG lidmate te wees om na God se Woord te kom luister nie. God het ons gemaak met 'n ingeboude soeke vir Hom. Baie weet maar net nie dat die "soeke" in hulle harte vir God is nie. Baie mense is vandag alleen, al is hulle omring met mense. Dis ons omgee en liefde wat harder praat as enige ander preek oor hoe groot God se liefde vir ons is.

Onthou ook dat ons betrokkenheid by ons gemeente, altyd met die oog op die uitbreiding van God se Koninkryk moet wees. Kom werk en kuier saam met ons by ons markte en ander spesiale geleenthede.

Geseënde week vir elkeen wat hierdie lees.

Groete Ester

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag
09:30 Lewende Woord
10:00 Erediensoffer HL
Grosvenor-tee vind nie plaas nie.

Woensdag
18:00 Steundienste
19:30 Selgroep by
Freanweg 15, Rondebosch

Donderdag
10:00 Bybelstudie oor Jakobus, in Dr Johan se kantoor by die kerkkompleks. Jy sal welkom wees om by ons aan te sluit. (Met tee na die tyd!)

17:45 Markvergadering by die Kerkkompleks
19:00 Kerkraadsvergadering

Vrydag
23 September 2022
Huis Lückhoff Braai-Dag
Bestel 'n braai-bord met drie soorte vleis en twee slaaie teen R150 per bord.Kontak gerus Huis Lückhoff om jou bestelling te plaas.

Maak 'n nota
Gedenkdiens
vir
Afgestorwenes
6 November 2022
Ons steek 'n kers aan om diégene wat ons die afgelope jaar vooruitgegaan het, te onthou. Indien een van jou familielede oorlede is en jy ook hom/haar wil herdenk, skakel gerus die kerkkantoor.

GEBEDSVERSOEKE

Laat weet asb die kerkkantoor indien jy huisbesoek of gebed benodig.

Bydraes vir September

Dankoffers: R29 103
(Mikpunt: R54 000)

Erediensoffers: R 2 409
(Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir elkeen se bydrae . Mag die Here jou ryklik seën.

VERJAARDAE VIR DIE WEEK

Maatjie Greeff	19 Sep
André Swart	20 Sep
Babette vd Linde	22 Sep
Elizabeth Kluge	23 Sep

Baie geluk met jou verjaardag.

Liewe Gemeente

Die Ringsvergadering het ons toe verlede week in een middag en aand afgehandel! Dit is tog verblydend om te sien dat samewerking tussen gemeentes stadig aan die gebeur is. Plumstead en Zwaanswyk deel 'n leraar. Wynberg en Constantia is in gesprek. Pinelands sê ons is nou op hulle kerkraadsagenda en hulle leierskap wil volgende jaar met ons ontmoet. Praat van stadige samewerking. Vishoek gemeente is die grootste in ons ring met meer as 600 lidmate. Dit is opwindend om te hoor hoe dinamies hulle die droom van God in hulle gemeenskap uitdra. Ons is steeds dankbaar vir dít wat ons gemeente hier vermag. Ons mense raak ouer en minder en ons sal beslis slimmer te werk moet gaan. Jonger mense is bang om te verbind, vanweë die feit dat hulle werksprogramme vloeibaar is en baie energie vereis. Ons kan egter net weer 'n beroep doen: Indien jy by ons volgende mark net vir een uur kan help, kontak ons gerus.

Ons is so dankbaar vir lidmate wat hulle tyd en geld/petrol gebruik om na ander lidmate om te sien en seker te maak dat hulle nood aangespreek word. Indien jy beskikbaar is om te help of te versorg, laat weet gerus die kantoor. Die bedoeling is nie dat jy voltyds in diens moet wees nie. Jy kan aandui watter dag of uur en of ons van tyd tot tyd op jou knoppie kan druk. Onthou ook ons hulpfonds, indien jy dalk 'n bydrae daarvoor wil maak. Ons betaal nooit kontant uit aan mense wat ons weet nood het nie, ons probeer die nood direk aanspreek.

Badisa Wynberg, by wie ons vir baie jare betrokke was, en wat verantwoordelik was vir kindersorg, moes hulle deure einde Maart sluit. Dit was as gevolg van 'n tekort aan finansiële ondersteuning vanaf die staat se kant, sowel as gebrek aan fondsinsamelingspogings gedurende Covid. Oktober was gewoonlik Badisa-maand. Ons gaan egter dan reeds begin met Stukkies Kersvreugde vir Huis Lückhoff.

Dankie aan elkeen se bydrae tot ons gemeente, of dit nou geld is, hulp by die Mark of skenkings wat jy kom aflaai. Dit maak alles êrens 'n verskil!

Groete en seën

Johan van den Heever